Universiteit van Pretoria

NUWE REEKS Nr 285
ISBN 0-86979-762-X

# DIE HEIL, GEHOORSAAMHEID, STRUKTUUR EN KERKREG.

PROF S J BOTHA

UK 262.984268
BOTHA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



PROF S J BOTHA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE HEIL, GEHOORSAAMHEID, STRUKTUUR EN KERKREG.

**PROF S J BOTHA**

Intreerede gelewer op 16 Junie 1993 by die aanvaarding van die Professoraat.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# CURRICULUM VITAE

Schalk Jacobus Botha is op 10 Februarie 1936 in Ventersdorp gebore. Aan die Helpmekaar Hoër Seunskool (Johannesburg) matrikuleer hy in 1954. In die daaropvolgende jaar begin hy met sy teologiese studies aan die Universiteit van Pretoria waar hy in 1957 die BA- en in 1960 die BD-graad behaal.

Nadat hy vir 'n paar maande werksaam was in die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, is hy op 29 Julie 1961 georden as predikant van die gemeente Primrose. Hierna bedien hy ook nog tot einde 1979 die gemeentes Randpoort, Koedoesrand, Boksburg, Philadelphia (studente gemeente aan UP) en Voortrekkerhoogte as Lugmagkapelaan.

Vanuit die pastorie het hy sy studies voortgesit om in 1979 aan die Universiteit van Pretoria die DD-graad in Kerkgeskiedenis te behaal met 'n proefskrif getiteld, ***Ds Marié Joseph Goddefroy 1848-1920. Sy lewe en betekenis.***

Sy eerste doseerervaring doen hy op as hy gedurende 1971 al die lesings en eksamens behartig in Kerkgeskiedenis aan die Teologies Fakulteit (Afdeling A) van die Universiteit van Pretoria. Tussen 1977 en einde 1979 is hy op tydelik-deeltydse basis as dosent aan dieselfde departement verbonde. Op 1 Januarie 1980 word hy in opdrag van die Nederduitsch Hervormde Kerk professor in en hoof van die departement Kerkgeskiedenis (en Kerkreg) aan die Teologiese Fakultieit aan die Universiteit van die Noorde (afdeling Hervormde Teologiese Opleiding).

Aan die begin van 1985 word hy hoof van die afdeling Hervormde Teologiese Opleiding en onder sy leiding word in dieselfde jaar die hele opleiding van sendingwerkkragte van die Nederduitsch Hervormde Kerk verskuif vanaf die Universiteit van die Noorde en te Klipdrif (60 km noord van Pretoria) gevestig. Daar bly hy aan as hoof tot die einde van 1992 om dan vanaf 1 Januarie 1993 oor te neem in hierdie leerstoel aan die Universiteit van Pretoria.

In die tydperk 1980 tot 1989 het hy ook as pastorale hulp vir die jeug in die vier gemeentes te Pietersburg en as pastorale hulp van die gemeente Grootvlei (distrik Pretoria) gedien.

In breër kerkverband het hy in 5 ringskommissies en 23 sinodale rade, sommige as voorsitter of sekretaris, gedien. Tans is hy nog lid van 5 rade waarvan hy by twee as voorsitter dien, naamlik die Raad vir Regsadvies en die Komitee vir die herskrywing van die Kerkwet.

As lid van verskillende kultuurorganisasies, bestuursliggame van skole en skoolrade, het hy ook getrag om die gemeenskap te dien.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Uit sy pen tel onder andere die volgende publikasies: 12 volstandige publikasies waaronder nege gemeente-geskiedenisse; 14 publikasie waarin hy medewerker was, 18 wetenskaplike artikels in die ***Hervormde Teologies Studies*** en twee in ***Studiae Historiae Ecclesiasticae*** asook verskeie artikels en oordenkings in verskillende ander kerklike tydskrifte.

Toekennigs wat hy ontvang het, is die goue S P Engelbrecht Erepenning vir Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis (1963), die Pro Patria medalje vir operasionele diens (1979) en die medalje vir Algemene Diens (1991) van die Suid-Afrikaanse Weermag. In 1973 is die Van der Hoffblad aan hom opgedra.

Sedert 1963 is hy nog ononderbroke sekretaris van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika is hy stigterslid.

Hy is getroud met Babsie Vorster en uit die huwelik is vier kinders gebore.

Prof P. Smit
VISEKANSELIER EN REKTOR



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE HEIL, GEHOORSAAMHEID, STRUKTUUR EN KERKREG.

## PROFESSORALE INTREEREDE SJ BOTHA
## KERKGEBOU GEMEENTE PRETORIA
## NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

WOENSDAG 16 JUNIE 1993
OM 19:00

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 14:26-40

**Vers 26:** Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop.

**Vers 33:** God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede.

**Vers 40:** Alles moet egter gepas en ordelik geskied.

Geagte meneer die visie-kanselier en rektor, prof Smit, weleerwaarde voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, dr Van Wyk, geagte meneer die dekaan, prof Koekemoer, weleerwaarde voorsitter van die Kuratorium, dr Kotze, geagte kollegas, studente, broeders en susters.

## 1. INLEIDING

Vanuit die Skrifgedeelte stel ek vanaand die vakdissipline Kerkreg aan die orde en wil ek trag om oor die tema *"Die heil, gehoorsaamheid, struktuur en Kerkreg"* te handel. Hoewel die hoofopdrag van hierdie leerstoel die navorsing, bestudering en dosering van die Kerkgeskiedenis is, het die bekleër van hierdie leerstoel ook nog dieslefde verantwoordelikheid ten opsigte van die vakke Dogmengeskiedenis en Kerkreg. Dat my keuse spesifiek op kerkreg val wil ek graag kortliks motiveer:

1.1. Dertien jaar gelede het ek die voorreg gehad om by aanvaarding van die leerstoel in Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van die noorde in my intreerede aldaar, aandag te gee aan die vakgebied Kerkgeskiedenis (Botha 1980). Bevoorreg deur die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Universiteit van Pretoria tot dieselfde leersoel hier, neem ek hierdie keer die vrymoedigheid om 'n tema uit die Kerkreg aan die orde te stel.

1.2. 'n Tweede en belangriker rede is dat gedurende die afgelope aantal dekades 'n aanmerklik groter belangstelling en verdiepende ontwikkling in die Afrikaanse kerklike wêreld in die algemeen maar ook in die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder op die terrein van die Kerkreg na vore gekom het. Verantwoording ten opsigte van 'n eie standpunt en koers is belangrik.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1.3. Die derde en vernaamste rede lê in die feit dat die *Kerkwet en Bepalings* van die Nederduitsch Hervormde Kerk tans in opdrag van die Algemene Kerkvergadering herskryf word. Dit bring die vraag na vore of en hoe hierdie departement 'n bydrae tot so 'n uiters belangrike onderneming kan maak.

## 2. SKRIFGEGEWENS

Dat ek 'n bepaalde Skrifgedeelte as vertrekpunt neem is nie maar net omdat dit vereis word dat ek hierdie intreerede in die kerkgebou van die kansel af moet uitspreek nie. Binne die familie van hervormde kerke het die Woord nog altyd gegeld as primêre bron en norm vir die Kerkreg. Hierdie stelling verteenwoordig bepaalde uitgangspunte wat voorlopig sonder nadere beredenering gestel word:

* Kerkreg is 'n teologiese wetenskap wat 'n plek tussen die ander teologiese dissiplines inneem (Van Wyk 1989:24, Pont 1983:19 en Coertzen 1991:151-158).
* Kerkreg as teologiese wetenskap het te make met 'n eiesoortige reg (sui generis) wat in en vir die kerk as eiesoortige gemeenskap beoefen word (Van Wyk 1989:13 en Coertzen 1991: xiii en 159).
* Kerkreg is nie in stryd met die wese van die kerk nie, maar is noodsaaklik om die onontwykende orde in en vir die kerk, waarin en waardeur die gehoorsaamheid van die gelowige gemanifesteer word, tot stand te help bring (Pont 98:3-17; Coertzen 1991: lvv; Van Wyk 1989:23).

Ook die keuse van hierdie bepaalde Skrifgedeelte as vertrekpunt is nie oorspronklik nie. In aansluiting by andere word aanvaar dat die uitspraak van Paulus in 1 Kor 14:40 naamlik *Alles moet egter gepas en ordelik geskied,* een van die mees direkte Skrifuitsprake ten opsigte van die taak of opdrag van die Kerkreg is en ook die basiese uitgangspunt van die kerklike reg aandui (Van Wyk 1989:24 en Coertzen 1991:42).

Die bepaalde vers is die afsluiting en hoogtepunt van 'n argument waarmee Paulus reeds in hoofstuk 11:2 begin het en wat te make het met die goeie orde in die erediens. Dit was nodig omdat onder die Korinthiërs onreëlmatighede by en ongepaste deelname aan die Nagmaal, asook ander wanordelikhede in die erediens voorgekom het. In hoofstuk 14 het Paulus dit veral oor die gawes van profesie en die spreek in vreemde tale waarop lede van die gemeente aanspraak gemaak het, maar wat tot chaos in die eredienste aanleiding gegee het. Hoewel hy voorkeur gee aan die gawe van profesie of verkondiging van God se boodskap, wys hy tog nie die spreek in tale totaal af nie. Waarteen hy wel betoog is teen die opvatting



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van diegene wat hulle aansprake op gawes wat hulle van die Hielige Gees sou ontvang het, gebruik om hulle wanordelike optrede in die erediens te regverdig.

In die gelese gedeelte gee Paulus nou bepaalde voorskrifte hoe sake in die erediens wel gereël behoort te word en hoe hulle hulle behoort te gedra. Van besondere betekenis is die grond wat hy aanvoer vir sy voorskrifte naamlik "God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van *orde* en *vrede*" (vers 33). Die samevoeging van die begrippe orde en vrede laat die aard van die orde wat in die kerk behoort te geld na vore kom.

Sulke sake soos beroeringe, verdeeldheid, twis, tweedrag en stryd heers waar daar nie orde is nie. Daarteenoor sal harmonie, eerbaarheid en betaamlikheid gevind word waar orde en vrede is. Vanweë die sonde is die mens in stryd met God en daarom onderworpe aan chaos en wanorde. Deur die heilsdaad van God in en deur Jesus Christus het die mens vrede met God, kan hy weer op sy godgegewe plek voor God funksioneer en dit is orde (Smit 1984:18). Dit kan ook so gestel word:

> "Vanuit die vrede wat die mens in Christus met God het, vloei daar 'n orde voort wat in die gemeente gehandhaaf moet word as 'n vergestalting van die orde en vrede met God en met mekaar"
> (Coertzen 1991:42)

Hoewel die voorskrifte in die eerste plek op die orde in die erediens gerig was, geld dit wat in vers 40 verwoord is, inderdaad die totale kerklike lewe. Juis deur die reël dat alles gepas en ordelik moet geskied te gehoorsaam, kan uitvoering gegee word aan die vroeëre opdrag wat ook met die orde te doen het naamlik "Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop" (Vers 26). Die opdrag in vers 40 impliseer dus dat die totale sigbare en uiterlike kerklike lewe so georganiseer, georden of gestruktureer sal word dat alles sal voldoen daaraan om gepas en ordelik te wees. Die struktuur van die kerk is dus nie maar 'n saak van tweederangse belang wat aan die toeval of aan die willekeur van gelowiges oorgelaat kan word nie. Dit is dus net soveel 'n opdrag wat gehoorsaam moet word as wat die gawe van die heil in Christus geloof vra. Die gemeente wat deur die heilsdaad van God in Christus in 'n herstelde verhouding met Hom geplaas is en wat dit in die geloof ontvang en aanvaar, moet op daardie Godgegewe plek so funksioneer dat dit gepas en ordelik sal wees. Alleen dan kan dit tot eer van die God van vrede en orde wees en tot opbou van die gemeente.

Spesifieke en uitvoerige voorskrifte hoe daar wel gestruktureer moet word, word nie gegee nie. Die maatstaf is egter duidelik naamlik wat God as gepas en ordelik beoordeel. Hieruit volg duidelik dat elke ordereël of stuk struktuur beoordeel sal moet word in die lig van die vraag of dit aan Gods wil voldoen. Om dit ook anders



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

te stel: die orde of struktuur van die kerk sal ook Skrifgefundeerd moet wees.

Ook die groot kerkhervormer Johannes Calvyn het die opdrag van vers 40 gesien as Skriftuurlike reël waaraan alle kerklike ordereëls gemeet moet word (Calvin 1948:473-4 en Pont 1986:541). Sterk beïnvloed deur Bucer het Calvyn, anders as Luther en Zwingli, sorgvuldig aandag gegee aan die uiterlike orde of organisasie of struktuur van die kerk. Dit het hy gedoen omdat hy die sigbare kerk gesien het as van die grootste betekenis vir die bemiddeling van die verborge werk van die Heilige Gees (Van't Spijker 1988:98). As draer van die ware evangelie moet die kerk, om sy taak reg te kan doen, ook 'n regte organisasie of struktuur hê wat Skriftuurlik gefundeer is (Pont 1981:3). In vers 40 het Calvyn, wat die vader van die presbiteriaal-sinodale vorm van kerkregering genoem kan word, die opdrag tot sodanige struktuur gesien. Die presbiteriaal-sinodale struktuur pretendeer dan ook om 'n Skrifgefundeerde en Skrifgehoorsame struktuur te wees. Die fundamentele uitgangspunt van hierdie struktuur is dat Jesus Christus en Hy alleen as Hoof en Heer oor die kerk, wat sy liggaam is, regeer. Hy oefen hierdie regering op tweërlei wyse uit: eerstens onmiddellik of direk deur sy Woord en Gees en tweedens middellik of indirek deur die ampte wat in vergadering byeenkom om as instrumente in sy hand, te dien (Pont 1981:192 en Van Wyk 1989:115). Hieruit vloei voort dat die suiwere verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente as sigbare verkondiging van die Woord, van wesenlike en primêre belang is. Verder: dat die Woord reg gehoor en gehoorsaam word, vereis handhawing van die dissipline om te sorg vir die welwese van die kerk.

Voorlopig kan so saamgevat word: die orde waaroor dit hier gaan raak die totale lewe van die kerk, die liggaam van Christus, die volk van God. Hierdie orde is egter in die eerste plek 'n gawe van die Here God. 'n Gawe wat die vrug is van die vrede tussen God en mens, dit wil sê die heil wat in en deur Jesus Christus bewerk is. Terselfdertyd is hierdie orde ook 'n gebod of voorskrif van die Here. Terwille van die opbou van die gemeente met die oog op die eer van God is dit 'n opdrag wat voortdurend gehandhaaf moet word. As gawe van God vra dit nederige en dankbare aanvaarding in geloofsgehoorsaamheid en as opgawe vra dit organisering, ordening of strukturering van die totale kerklike lewe as vergestalting van die gehoorsaamheid.

Daarmee is al vier die begrippe van die tema nou op die tafel. Die heil waarom dit hier gaan is die vrede met God, die versoening, die redding, die verlossing, in en deur Jesus Christus. Daaruit vloei 'n orde voort as gawe en opgawe van God wat gehoorsaam aanvaar, geglo en gehandhaaf moet word juis deur dit ook in die organisasie of struktuur van die totale kerklike lewe vergestalting te laat vind. Dit gaan dus om kerlike gehoorsaamheid en kerklike struktuur en die heil wat by albei betrokke is.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Binne die kerk gebruik, is gehoorsaamheid en struktuur dan in wese twee kante van dieselfde saak. Toegegee, die organisatoriese struktuur is wel 'n middel tot 'n doel en nie die doel self nie (Pont 1981: en 1986:534-546). Maar dit beteken hoegenaamd nie dat struktuur net met die uiterlike te doen het en daarom onbelangrik is en alleen maar pragmaties benader kan word nie. Die teendeel is waar. Gehoorsaamheid kan gesien word as die innerlike en struktuur as die uiterlike of sigbaargeworde dop van gehoorsaamwees as reaksie en gevolg van die werking van die Heilige Gees deur die Woord. Gehoorsaamheid is die innerlike aanvaarding van die heil en struktuur die uiterlike teken dat die heil aanvaar is en nou gehoorsaam verder deur die struktuur as vervoermiddel gedra en beskerm word (1 Tim 3:15), terwyl beide bepaal is en telkens weer opnuut bepaal word deur Gees en Woord.

In volgorde kom die innerlike gehoorsaamwees eerste en die struktuur of organisasie, as uiterlike "dop-word" van gehoorsaamwees, daarna. Die een kan nie sonder die ander wees of in teenstelling met mekaar staan nie. Geloof wat nie in dade bevestig word nie, help niks (Jakobus 2:14). Gehoorsaamheid wat nie na paslike strukture soek nie, is ook dood (Jakobus 2:17). Wat wel van groot belang is, is dat die verband en verhouding tussen gehoorsaamheid en struktuur as reaksie op die heil in Christus, korrek moet wees. Werklike gelowige aanvaarding van die heil in Christus, werklike gehoorsaamwees aan Gees en Woord sal soek na passende strukture waarin dit tot uitdrukking kan kom. Terselfdertyd kan 'n struktuur wat nie uitdrukking is van gehoorsaamheid aan Gees en Woord nie, niks anders wees nie as 'n leë, monsteragtige en tiranniserende dop.

Dit is egter van lewensbelang dat die verband tussen gehoorsaamheid en struktuur nie ontken of skeefgetrek word nie. Indien dit gebeur is daar veral twee gevare wat dreig. Enersyds is daar die gevaar van verabsolutering van die struktuur. Dit gebeur wanneer een bepaalde kerklike organisasie, regeringsisteem of dan struktuur gekanoniseer word tot die enigste en werklik ten volle godgewe struktuur. Uiteraard word gehoorsaamheid aan die bepaalde struktuur gelyk gestel aan en in die praktyk dikwels in die plek gestel van gehoorsaamheid aan die Heer self. Die heil word dan so verbind aan die bepaalde struktuur dat daarbuite geen heil kan wees nie. Daar lê die heil in die struktuur self en is gehoorsaamheid aan die struktuur primêr. In wese word die struktuur dan vergoddelik en die werklike gesagdraer gemaak.

Basies is dit wat in die Roomse kerklike struktuur gebeur het en vandaar dan die opvatting en uitspraak dat buite die Roomse kerklike instituut geen heil te vinde is nie. In enige kerk egter, waar die struktuur statutêr-juridies gebruik word, het verabsolutering reeds subtiel begin posvat.

Andersyds is daar die gevaar van willekeur of pragmatisme ten opsigte van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

struktuur. Dit gebeur wanneer gehoorsaamheid so verinnerlik word, dat struktuur as van weinig of geen betekenis geag word nie. Struktuur hoef dan nie bepaal te wees deur Gees en Woord nie, maar kan na analogie van enige bruikbare en werkende sekulêre voorbeeld of bloot vanuit pragmatiese denke gevorm word. In uiterste vorm is dit terug te vind by die Ana-Baptiste, die Anti-Trinitariërs en Spiritualiste. Die gevaar van willekeur is egter wesenlik wanneer in enige kerk by die opstel van ordereëls primêr en alleen maar gevra sou word of dit (administratief) sou werk.

## 3. KERKREG

Juis hier moet Kerkreg as wetenskap nou ter sprake gebring word. Dit is waar die taak van die Kerkreg lê naamlik die voortdurende navorsing en nadenke oor 'n gepaste struktuur wat gehoorsaamheid aan God kan manifesteer en oor die korrekte verband en verhouding tussen gehoorsaamheid en struktuur. Twee belangrike aspekte kom hier na vore naamlik die *bronne* en die *metode* of paradigma (Coertzen 1991:75-100 en 1993:1-17) van die Kerkreg.

### 3.1. Bronne

Die bronne wat gebruik word en die standpunt wat ten opsigte van die bronne ingeneem word is van die uiterste belang omdat dit konsekwensies het vir die gestalte of struktuur van die kerk (Coertzen 1991:117). Dit sou egter te ver voer om die saak uitvoerig te behandel, daarom word volstaan met 'n paar kort opmerkings.

Gewoonlik word onderskei tussen primêre bronne soos die Hielige Skrif en die besondere kerk se belydenisskrifte en daarnaas sekondêre of besondere bronne soos vroeëre en bestaande kerkordes, besluite van kerkregeervergaderings en geskrifte van kerkregtelikes (Coertzen 1991:117-118).

Binne hervormde geledere is op enkele uitsondering na (onder andere AM Brouwer en MR van den Berg, sien Coertzen 1991:124), nog altyd uitgegaan van die standpunt dat die Skrif en belydenisskrifte die primêre bronne vir die Kerkreg is, met die uitdruklike kwalifikasie daarby dat die Skrif die normerende norm (norma normans) en die belydenisskrifte die genormeerde norm (norma normata) uitmaak (Pont 1977:77-90 en 1981:6-17; Coertzen 1991:117-149; Van Wyk 1989:30-59).

Daar bestaan dus 'n besliste rangorde wat die bronne betref. Voorop staan die Skrif met abolute gesag. Die implikasie hiervan is dat nie doelmatigheid of tradisie of konvensies die bepalende in die kerkregering sal wees nie, maar wel wat God


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

se wil vir Sy kerk is soos dit in Sy Woord tot openbaring kom (Calvyn, IV:3,1 en IV:4,1; Bouwman 1928:29 en Coertzen 1991:123). Dit beteken nie dat daar vir elke ordereël noodwending 'n bepaalde Skrifbewysplaas moet wees nie (Pont (1982b):79). Calvyn het dit so gesien dat die dinamiese beginsel (Ius Divinum) van die orde van die kerk in die Skrif gevind moes word. In die praktyk kan die beginsel wel verskillende vorme aanneem (Coertzen 1991:24).

Skrifbeskouing en Skrifhantering sal wel van belang wees. Standpuntinname sal gevra word ten opsigte van fundamentalistiese, moralistiese en konfessionalistiese Skrifhantering, maar ook ten opsigte van die hedendaagse neiging tot relativering van die Skrif se gesag wat uiteraard ook die regering van die kerk raak (Coertzen 1991:129-120 en Van Wyk 1989:45). Laasgenoemde opmerking is nie gemik teen wetenskaplike Bybelondersoek nie.

In die Skrif word uitsprake oor die Heer van die kerk en oor die kerk van die Heer aangetref en hierdie uitsprake is gesistematiseerd in die belydenisskrifte van die kerk saamgevat (vergelyk die Nederlandse Geloofsbelydenis onder andere artikels 27 tot 32 en die Hiedelbergse Kategismus vraag en antwoord 54). Dit maak die belydenisskrifte die tweede primêre bron vir die Kerkreg. Die belydenisskrifte word nie so op dieselfde lyn geplaas en met dieselfde gesag as die Skrif beklee nie. Immers, die Belydenis van die kerk soos in die belydenisskrifte vervat, "is nie eiesinnige menslik-kerklike spreke nie, maar Bybelsgelowige reduplikasie van die inhoud van die Woord van God" (Van Wyk 1989:36). Dit het wel die implikasie dat die Skrifgegewens vir die strukturering van die kerk via die belydenisskrifte loop en dat Skrif, belydenisskrif en kerkorde dus in mekaar se verlengde lê (Van Wyk 1989:47 en Pont [1977]:77-90)

Naas die Skrif en belydenisskrifte as primêre bronne, volg ook in rangorde die bestaande en vroeëre kerkordes, amptelike dokumente van kerklike regeervergaderings en laastens geskrifte van teoloë (Coertzen 1991:149). Hierdie groep sou as die tradisie of voortdurende gewoonte van die kerk saamgevoeg kon word. Hierdie groep word altyd weer getoets aan Skrif en belydenisskrif.

### 3.2 Metodologiese bakens

Enige wetenskap het 'n metodologie of paradigma nodig, dus ook die Kerkreg. Daar kan nie maar sommer op 'n lukraak wyse te werk gegaan word nie. Coertzen toon aan dat paradigmaverskuiwings of die aanwending van ander metodologies bakens, ernstige gevolge vir kerkreg en kerkregering kan oplewer (Coertzen 1991:75-116 en 1993:1-17).Om "reg aan God se reg vir sy kerk te laat geskied", doen hy dan 'n sestal metodologiese bakens aan die hand, waarmee die kerkregtlike en die kerkregeerder noulettend rekening moet hou (Coertzen 1991:75-116):



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

3.2.1 die koninkryk van God as konteks vir die kerk en sy orde.
3.2.2 Die kerk as 'n unieke gemeenskap, 'n unieke vergadering van gelowiges met 'n unieke reg of orde.
3.2.3 Jesus Christus as die enigste Here en Hoof van die kerk.
3.2.4 Christus se heerskappy deur Woord, Gees en dienste.
3.2.5 Die opbou van die gemeente of kerk as die doel van kerkreg en kerkregering.
3.2.6 Die Skrifgegewe indikatief naamlik die heil in Christus wat eens en vir altyd gebring is en deur die werking van die Heilige Gees tot stand gebring word en die daaruit voortspruitende imperatief om teen die sonde stryd te voer.

Binne die raamwerk van hierdie bakens wat moontlik selfs sou kon vermeerder, kan die Kerkreg wel op 'n verantwoorde wyse beoefen word.

Dat navorsing en nadenke oor die struktuur van die kerk 'n voortdurende verantwoordelikheid van die Kerkreg is, vloei voort uit die opvatting in hervormde geledere dat die Skrif nie 'n volledige en pasklaar struktuur vir alle tye, omstandighede en plekke gee nie. Johannes Calvyn se beskouing lê hierdie opvatting ten grondslag. Enersyds was hy oortuig daarvan dat die kerk in alles in ooreenstemming met Gods Woord ingerig moes word. Hy het onwrikbaar daaraan vasgehou dat die kerk 'n geestelike bestuurswyse moes hê wat ontleen was aan die Woord van God, aan die evangelie van Jesus Christus. Andersyds stel hy dat die Heer nie iets bepaalds af uitdrukliks voorgeskryf het nie en juis daarom kan elke kerk vir homself 'n kerklike orde opstel wat vir hom die paslikste en bruikbaarste in sy bepaalde tyd en omstandighede is. Juis in sy kommentaar op 1 Kor 14:40 kom beide hierdie aspekte van sy bekouing uitdruklik na vore. Hy stel dat die Here ten opsigte van uiterlike seremonies en gebruike aan die gelowiges vryheid van keuse gelaat het sodat hulle nie sou kon dink dat die diens aan God totaal in die uiterlike seremonies en gebruike opgesluit lê nie. Maar dan stel hy onmiddellik daarby dat die Here hierdie vryheid van keuse tog getemper het omdat oor sulke sake vanuit die Woord van God geoordeel moes word wat reg is. Dit moes reëls wees wat op die Woord van God gebou was om dissipline en orde in die kerk te handhaaf. Wat meer is, die ordereëlings wat afgelei is uit en gebou is op die Woord kan nie maar net as menslike insettinge gesien word nie, maar in soverre hulle in die algemene gebod van *gepas* en *ordelik* (vers 40) gegrond is, het hulle soveel gesag asof hulle uit die mond van Christus self kom. Gehoorsaamheid daaraan is dan vanselfsprekend. In sy groot werk naamlik die *Institusie van die Christelike godsdiens* (1559) word hierdie standpunt ook uitdruklik gestel (IV:10,30). Die volgende twee aanhalings spreek vanself:

> ".....moet ek hier getuig dat ek uiteindelik slegs daardie menslike instellings goedkeur wat sowel op God se gesag gegrond as aan die Skrif



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ontleen is en wat daarom Goddelik is."

en

"Omdat dit egter nie sy wil was om in die uiterlike seremonies uitdruklik voor te skryf wat ons moet volg nie, omdat Hy voorsien het dat dit van die tydsgewrig afhang en Hy geoordeel het dat een vorm daarvan nie by alle tye pas nie, behoort ons hier ons toevlug te neem tot daardie algemene reëls wat Hy ons gegee het sodat alles wat die nood van die kerk vereis met die oog op die orde en die betaamlikheid voorgeskryf moet word, aan hierdie reëls getoets moet word."

Oor die ensiklopediese plek wat die Kerkreg binne die teologiese wetenskap inneem word nie verder gehandel behalwe om te stel dat Kerkreg nie in isolasie van die ander dissiplines bedryf kan word nie. Voortdurende kontak met al die dissiplines en dan veral met die Bybelwetenskappe, Dogmatiek en Kerkgeskiedenis is wel van lewensbelang.

Met die resultate van sy navorsing en nadenke gaan die Kerkreg na die kerklike regeervergaderings, wat dan die verantwoordelikheid het om oor die praktiese implementering daarvan te besluit. Hieruit blyk die dienende karakter van die Kerkreg of soos dit ook gestel kan word, hieruit blyk dat die Kerkreg nie 'n laboratoriumwetenskap is nie maar 'n wetenskap te velde, wat nie maar net by interessante teorië wat van akademiese belang is wil ophou nie (Smit 1987:17), maar sy resultate graag in die kerk strukture wil sien anneem.

## 4. DIE HUIDIGE STAND VAN KERKREG BINNE DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT (AFD A).

In die afgelope paar dekades het 'n groter en verdiepende belangstelling en ontwikkeling in die geledere van die Afrikaanse kerke na vore gekom (vgl Coertzen 1991:243-256). Veral die teologiese aard van die Kerkreg het sterker as ooit tevore aan die orde gekom.

Ook die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Teologiese Fakultiet (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria, het nie agtergebly wat hierdie onwikkelinge betref nie. Hoewel dit waar is dat tot op datum nog maar slegs 'n enkele proefskrif op dié terrein by die Fakulteit ingedien is (Van Wyk 1989), is dit gelukkig nie 'n aanduiding dat daar maar weinig belangstelling bestaan of min ontwikkeling op die gebied plaasgevind het nie. Dit kan gestel word dat van alle DD- en M Div-studente in die Kerkgeskiedenis ook verwag word om in die Kerkreg goed ingegrawe te wees. 'n Aantal artikels op dié terrein in die *Hervormde Teologiese Studies* is ook hiervan bewys (Botha [1961], [1969], 1990 en 1992; Müller [1969];



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Mans [1978]; Van der Westhizen [1978] en Van Wyk 1992a en 1992b.)

Die feit is egter dat dit by uitstek my voorganger, prof AD Pont is wat vir Fakultiet en Kerk op die gebied fenominale werk gelewer het. Toe hy in 1957 die vak oorgeneem het by prof SP Engelbrecht, het daar geen gepubliseerde materiaal binne die Fakulteit bestaan wat vir doseerwerk bruikbaar was nie. Hoewel hy kon put uit die ryke oes op die gebied wat op daardie stadium uit Nederland en Duitsland afkomstig was, het hy in sy worsteling met bepaalde kerkregtelike vraagstukke baie gou onder die besef gekom dat daardie publikasies slegs indirek bruikbaar was. Dit het hom daarvan oortuig dat die grondslae en inhoud van die vak eers sorgvuldig nagevors moes word. Daar moes eers 'n behoorlike fondament gelê word waarop mettertyd voortgebou sou kon word (Pont 1983:21). By sy aftrede in 1992 was twee dele van sy beplande driedelige werk met die titel *Die historiese agtergronde van ons kerlike reg* reeds gepubliseer. Nie alleen binne nie, maar ook buite die Nederduitsch Hervormde Kerk het hierdie werke gunstige kommentaar uitgelok soos onder andere dat dit 'n standaard- en naslaanwerk vir al die Afrikaanse kerke sal word en ook in Nederland sal verkoop (Brown 1982:7-71). Aangevul met 'n baie groot aantal wetenskaplike artikels, het hy vir hierdie vak inderdaad 'n baie stewige fondament gelê waarop met vertroue voortgebou kan word. Belangriker nog as die omvang van sy publikasies, is die besondere kwaliteit daarvan en die ondubbelsinnige koers wat hy aangedui het. Sy keuse ten gunste van die presbiteriaal-sinodale kerkregstelsel was beslis. Sonder om moeg te word het hy die beginsels van hierdie stelsel nagevors en die Kerk voortdurend daartoe opgeroep om dit konsekwent praktiese gestalte te gee.

Uit oortuiging en daarom van harte, is dit my voorneme om op hierdie ingeslane weg voort te gaan en op die fondament voort te bou. Ook ek is is oortuig daarvan dat die presbiteriaal-sinodale stelsel die verantwoordste Skrifgefundeerde stelsel is wat die kerk as 'n dinamiese Christologies-pneumatiese organisme kan laat funksioneer (Pont 1982a:12). Selfs in hierdie moderne tyd met sy groot drang na allerlei nuwe modelle, kan die konsekwente toepassing van die grondbeginsels van hierdie "ou" struktuur, steeds funksionele vergestalting wees van gehoorsaamheid aan God die Here. Juis daarom beskou ek die presbiteriaal-sinodale struktuur as die struktuur wat steeds die beste voldoen aan die opdrag dat alles *gepas* en *ordelik* moet geskied of, om dit in terme van die tema uit te druk: dit is die struktuur wat gehoorsaamheid aan die gawe en opgawe van die heil in Jesus Christus die beste kan vergestalt.

## 5. HERSKRYWING VAN DIE KERKWET EN BEPALINGS VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Die huidige *Kerkwet en Bepalings* van die Nederduitsch Hervormde Kerk is op



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die Algemene Kerkvergadering van 1951 aanvaar en in Junie 1952 in die Kerk ingevoer (Engelbrecht 1953:383). Hierdie Kerkwet was in werklikheid slegs 'n aanpassing van die Nederlandse Hervormde Kerk se Kerkorde van 1950. In elk geval was die Kerkwet van 1951 'n groot verbetering op die Kerkwet wat voor die datum gegeld het veral omdat die presbiteriaal-sinodale tradisie van die Kerk die oorheersende in die Kerkwet geword het. Ongelukkig het daar nog oorblyfsels van die tweede, weliswaar minder bepalende kerkorderlike tradisie van die Kerk naamlik die verenigingsreg, ook neerslag in die Kerkwet van 1951 gevind (Pont 1981:4) wat die presbiteriaal-sinodale sisteem tog weer deurkruis het. Dit kan ongelukkig genoem word omdat die verenigingsreg as produk van die rasionalistiese denke van die Verligting, 'n kerkregtelike sisteem is wat hoegenaamd geen Bybelse uitgangspunt het nie. Die kerk word naamlik bloot as 'n gewone vereniging gesien en op basis van die verenigingsreg moes die kerklike struktuur gebou word (Van Wyk 1989: 135 en Pont 1991: 1-27). Dit het 'n sekulariserende en demokratiserende tendens in die kerkordelike struktuur van die Kerk ingedra wat nogal diep wortel geskiet het. Dit kom veral na vore in die statutêr-juridiese gesag wat in die hande van hiërargies-gestruktureerde vergaderings gelê word (Pont 1982a: 10).

Ten spyte van die "goeie" wat hierdie Kerkwet ingehou het, het daar om begryplike redes gaandeweg twee groot besware al sterker na vore begin tree. Een was dat die Kerkwet nie voortgekom het uit die eie studie, besinning en gesprek wat die eie omstandighede kan verdiskonteer nie, maar dat dit ervaar is as iets wat van buite af aan die Kerk opgelê is (Pont [1983]:28). Terloops is dit interessant om te meld dat die Nederlandse Kerkorde van 1951 ook die afgelope jare in Nederland self skerp gekritiseer word (Dingemans 1987: 44-75). Die tweede beswaar is teen die oorblyfsels van die verenigingsreg waarin die statutêr-juridiese opvattings die Chrisokraties-pneumatiese oorwegings totaal oorskadu (Pont 1982a:12). Ten spyte van voortdurende aanpassings en verstelling oor die afgelope veertig jaar, het dit gaandeweg duidelik geword dat drastieser optrede tog nodig is.

Die algemene Kervergadering van 1989 het besluit dat die Kerkwet hersien, herformuleer, herrangskik en aangepas moes word (NHKA 1989: 44 en 274). Die vernaamste rede vir hierdie besluit was: "*Die Kerkwet praat op die oomblik nog met 'n swaar aksent van die teologie van die Nederlandse Hervormde Kerk uit die jare vyftig. Vir die Kerk kan dit net goed wees as die Kerkwet opnuut onder oë geneem word sodat die aksente van die Nederduitsch Hervormde Kerk se eie teologie in sy Kerkwet sal spreek.*"

Na diepgaande en indringende worsteling deur die komitee wat aangewys is om die opdrag uit te voer, rapporteer die komitee aan die Algemene Kerkvergadering van 1992 dat "*dit wys sal wees om nie net die bepaalde Kerkwet te hersien en*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*aan te pas nie, maar om 'n totaal nuwe Kerkwet daar te stel. Die rede daarvoor is dat die huidige Kerkwet reeds 'n aangepaste weergawe is van die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk. Die feit dat voortdurende aanpassings gemaak moet word dui daarop dat die huidige Kerkwet nie volledig aan die eie omstandighede voldoen nie" (NHKA 1992:259).*

Die Algemene Kerkvergadering het hierdie voorlegging aanvaar. Dit verteenwoordig 'n drastiese en radikale gebeurtenis. Dit gebeur nie aldag dat 'n kerk besluit op 'n totaal nuwe kerkwet nie. Bowendien is die uitdruklike verwagting dat die Kerk se eie teologie sterk in hierdie nuwe Kerkwet sal spreek. Vir die Kerkreg binne die Fakulteit Teologie (Afd A) beteken dit 'n geleentheid wat 'n ontsaglike uitdaging en verantwoordelikheid meebring. Die resultate van die afgelope dekades se arbeid op hierdie terrein kan nou ten volle diensbaar wees aan die komitee wat die opdrag het om die nuwe Kerkwet op te stel sowel as aan die Algemene Kervergadering wat die finale beslissing oor invoering van die Kerkwet sal neem.

